MAL'AGI

Maleagi

1 Die boodskap van die woord van יהוה aan Jisra'ěl deur die diens van Mal'agi.
2 "Ek het julle liefgehad," sê יהוה. "Nogtans vra julle: 'Waarin het U ons liefgehad?' "Is Esau nie die broer van Jaäkoḇ nie?" sê יהוה. "Tog het Ek Jaäkoḇ liefgehad,
3 maar Esau het Ek gehaat en sy berge ′n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee."
4 Indien Edom sê: "Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou," dan sê יהוה van die leërskare dit: "'Laat hulle bou, Ek breek dit tog af. En die mense sal hulle noem: 'Grondgebied van boosheid', en: 'Die volk waarop יהוה vertoornd is tot in ewigheid!'
5 "En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: 'Groot is יהוה buite die gebied van Jisra'ěl!'
6 "'n Seun ag *sy* vader, en ′n dienaar sy meester. Indien Ek dan die Vader is, waar is My agting? En indien Ek ′n Meester is, waar is My vrees? sê יהוה van die leërskare aan julle, priesters, wat My Naam verag! Maar julle sê: 'Hoe het ons U Naam verag?'
7 "Julle bring voedsel wat verontreinig is, op My altaar, en dan vra julle: 'Hoe het ons U verontreinig?' Deurdat julle sê: 'Die tafel van יהוה is veragtelik.'
8 "En wanneer julle ′n blinde dier bring om te offer, is dit nie boos nie! En wanneer julle ′n lam of ′n siek dier bring, is dit nie boos nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy tevrede of jou goedgesind wees?" sê יהוה van die leërskare.
9 "Smeek dan nou tog die gesig van Ěl, dat Hy ons guns kan bewys! Sulke dinge is deur julle gedoen. Sal Hy dan aan julle guns bewys"? sê יהוה van die leërskare.
10 "Wie onder julle sal die deure sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op My altaar kan aansteek nie? Ek het geen vreugde in julle nie," sê יהוה van die leërskare, "en ′n offer uit julle hand aanvaar Ek nie.
11 "Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is My Naam groot onder die heidene; en in elke plek word reukwerk vir My Naam gebring en ′n rein offer. Want My Naam is groot onder die heidene," sê יהוה van die leërskare.
12 "Julle daarenteen ontwy dit wanneer julle sê: 'Die tafel van יהוה is verontreinig, en wat sy opbrengs betref, sy voedsel is veragtelik.'
13 "En julle sê: 'Kyk, wat ′n moeite!' En julle verag dit," sê יהוה van die leërskare. "En julle bring geroofde en lam en siek *diere* - so bring julle dan die offer! Moet Ek dit uit julle hand aanneem?" sê יהוה.
14 "Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee ′n manlike dier is, ′n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan יהוה slag. Want Ek is ′n groot Koning," sê יהוה van die leërskare, "en My Naam word gevrees onder die heidene."

2 "En nou, priesters, hierdie gebod is vir julle.
2 "Indien julle nie luiter nie, en indien julle dit nie ter harte neem om My Naam aansien te gee nie," sê יהוה van die leërskare, "dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in ′n vloek verander. Ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie.
3 "Kyk, Ek sal julle saad bestraf, en Ek sal

© Kopiereg 2003/4/5 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste. En julle sal saam weggedra word.
4 "En julle sal weet dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit My verbond met Levi is," sê יהוה van die leërskare.
5 "My verbond met hom was die lewe en die vrede, en Ek het dit aan hom gegee tot vrees. En hy het My gevrees en verbouereerd vir My Naam.
6 "Die Tora van waarheid was in sy mond, en onreg is nie op sy lippe gevind nie. In vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van onregtigheid teruggebring.
7 "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word die Tora gesoek, want hy is 'n boodskapper van יהוה van die leërskare.
8 "Maar júlle het van die weg weggedraai, julle het baie in die Tora laat struikel. Julle het die verbond met Levi verbreek," sê יהוה van die leërskare.
9 "So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle My weë nie hou nie en partydig handel in die Tora."
10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een Ěl ons nie geskep nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontwy?
11 Jahuda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Jisra'ěl en in Jarushalajim gepleeg, want Jahuda het dit wat afgesonderd is vir יהוה, wat Hy liefhet, ontwy, en hy het die dogter van 'n vreemde ěl getrou.
12 יהוה sal die man afsny van die tente van Jaäkoḇ wat so iets doen – wat roep en hom wat antwoord gee uit, en hom wat 'n offer aan יהוה van die leërskare bring!
13 En boonop doen julle dít 'n twede keer: julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en geskree, omdat Hy nie meer die offer in ag neem nie en dit van julle hand nie met vreugde aanneem nie.
14 En julle vra: "Waarom?" Omdat יהוה getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond.
15 Het Hy dan nie een gemaak nie? En het Hy die oorblyfsel van die Gees gehad? En waarom die een? Hy het die saad van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.
16 "Want Ek haat egskeiding," sê יהוה, die Elohim van Jisra'ěl, "en dat 'n mens sy kleed met geweldadigheid bedek," sê יהוה van die leërskare. "Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie."
17 Julle vermoei יהוה met julle woorde. Nogtans vra julle: "Waarmee vermoei ons Hom?" Deurdat julle sê: "Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van יהוה, en in hulle het Hy 'n behae," of "Waar is die Elohim van die reg?"

3 "Kyk, Ek stuur My boodskapper[a] wat die weg voor My uit sal baan. Dan skielik sal die Meester na wie julle soek, na Sy tempel kom, die Boodskapper[b] van die Verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom," sê יהוה van die leërskare.
2 Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie kan bly staan wanneer Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die seep van die wassers.
3 "En Hy sal sit soos 'n smelter en reiniger van silwer. En Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, en hulle sal aan יהוה behoort en in geregtigheid 'n offer bring.
4 "Dan sal die offer van Jahuda en Jarushalajim vir יהוה aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die vroeër.

---

[a] Normaalweg aanvaar as Joḥanan die Doper
[b] Uiteraard die Messias.

© Kopiereg 2003/4/5 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

5 "En Ek sal tot julle nader om regspraak
te hou. En Ek sal ′n haastige getuie wees
teen die goëlaars[c] en teen die egbrekers
en teen die valse getuies en teen die wat
die dagloner in sy loon, die weduwee en
die vaderlose verdruk, en teen die wat
die vreemdeling wegstoot en My nie
vrees nie," sê יהוה van die leërskare.
6 "Want Ek, יהוה, sal nie verander nie,[d]
en julle, kinders van Jaäkoḇ, sal nie tot
niet gaan nie.
7 "Sedert die dae van julle vaders het julle
van My wette weggedraai en dit nie be-
waar nie. Keer terug na My, en Ek sal na
julle terugkeer," sê יהוה van die leërska-
re. "Maar julle vra: 'Waarin sal ons terug-
keer?'
8 "Sal ′n mens Elohim beroof? Tog beroof
julle My, en julle sê: 'Waarin het ons U
beroof?' In die tiendes en die offergawe.
9 "Julle het My met ′n vloek vervloek,
want julle beroof My, die hele nasie!
10 "Bring die hele tiende na die voorraad-
huis, sodat daar voedsel in My huis kan
wees; en beproef My tog hierin," sê יהוה
van die leërskare, "of Ek vir julle nie die
vensters van die hemel sal oopmaak en
op julle ′n oorvloedige seën sal uitstort
nie.
11 "Ek sal ook die verteerder vir julle be-
straf, sodat hy die opbrengs van julle
grond nie sal verwoes nie; ook die wyn-
stok op die land sal vir julle nie onvrug-
baar wees nie," sê יהוה van die leërskare.
12 "En al die nasies sal julle geseënd
noem, omdat julle die land van welbehae
sal wees," sê יהוה van die leërskare.
13 "Julle woorde teen My is vermetel," sê
יהוה. "Maar julle vra: 'Wat het ons onder
mekaar teen U gesê?'
14 "Julle het gesê: 'Dit is tevergeefs om
Elohim te dien. En wat baat dit ons om
Sy verordening te bewaar en in rouklere
voor יהוה van die leërskare te wandel?'

15 'En nou noem ons die trotsaards ge-
seënd – nie alleen word die wat boosheid
bedryf, gebou nie, maar hulle versoek
Elohim en raak vry!'"
16 Toe het die wat יהוה vrees, met me-
kaar gepraat; en יהוה het dit opgemerk
en gehoor, en daar is ′n gedenkboek voor
Hom geskryf vir die wat יהוה vrees en
oor Sy Naam dink.
17 "En hulle sal Myne wees," sê יהוה van
die leërskare, "op die dag wat Ek ′n skat
voorberei, en Ek sal met hulle medelye
hê soos ′n man medelye het met sy seun
wat hom dien.
18 "Dan sal julle weer die *verskil* sien tus-
sen die regverdige en die bose, tussen
die wat Elohim dien en die wat Hom nie
dien nie.

4 "Want kyk, die dag kom, en dit brand
soos ′n oond. Dan sal al die trotsaards en
almal wat boosheid doen, ′n stoppel
wees. En die dag wat kom, sal hulle ver-
brand," sê יהוה van die leërskare; "sodat
dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat
nie.
2 "Maar vir julle wat My Naam vrees, sal
die Son van Geregtigheid opgaan, en
daar sal genesing onder Sy vleuels wees.
En julle sal uittrek en huppel soos kal-
wers uit die stal.
3 En julle sal die bose vertrap, want hulle
sal soos stof wees onder julle voetsole op
die dag wat Ek dit doen," sê יהוה van die
leërskare.
4 "Dink aan die Tora van Moshe, My
dienaar, wat Ek hom beveel het op
Ĥorěḇ vir die hele Jisra'ěl - wette en
regsreëlings.
5 "Kyk, Ek stuur julle die profeet Ělijahu[e]
voordat die groot en vreeslike dag van
יהוה aanbreek.

---

[c] Die wat heksery beoefen
[d] Ja'ak 1:17

[e] Joḥanan (in die gees en krag van Ělijahu – Luk 1:17) en ook die dae voor die Groot Dag van יהוה

© Kopiereg 2003/4/5 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

6 "En hy sal die hart van die vaders te-
rugbring tot die kinders, en die hart van
die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie
hoef te kom en die land met die banvloek
tref nie."[f]

[f] Sag 14:11

© Kopiereg 2003/4/5 Ware Verbond – Proeflees uitgawe